Dragon Wealth
(FSP 45015)

6 Bompart Straat
Westdene Bloemfontein

T: 087 092 8378 • C: 083 280 4441
E: info@dragonwealth.biz
W:www.dragonwealth.biz

Nuusbrief Mei 2023

Hoekom is Suid-Afrika se aandele nog aantreklik (ten spyte van beurtkrag)?

(Eben Smith – Direkteur: Dragon Wealth)

Die beginsel met die koop van aandele is: As 'n mens 'n aandeel koop, koop 'n mens 'n stukkie van 'n maatskappy. En as 'n mens 'n stukkie van 'n maatskappy koop, poog die waarde-belegger, om 'n kwaliteit maatskappy se aandeel so laag as moontlik te koop.

Hoe duur of hoe goedkoop 'n maatskappy se aandeel is word uitgedruk in die prys van die aandeel oor die verdienste van die maatskappy (wat die maatskappy fisies produseer) formule. Dit dui aan wat beleggers bereid is om te betaal vir 'n maatskappy se aandeel.

Op die oomblik is daar sommer 'n hele klomp kwaliteit maatskappye se aandele wat teen 'n baie lae prys/verdienste verkoop. Die rede vir die lae prys? Dit het veral te doen met mark paniek en histerie as daar slegte nuus is. Alhoewel die groeiend rentekoerse en beurtkrag die verdienste van maatskappye afbring speel dit ook 'n groot rol om mense se opinie oor die land en die ekonomie te vorm. Mense is oor die algemeen negatief op die oomblik en dit hou die prys van die aandeel laag, al is die produksie van die maatskappy miskien gesond.

Ten spyte van die ekonomie, en beurtkrag en hoë rentekoerse is daar etlike kwaliteit maatskappye wat nou teen 'n lae prys (diskontoe) verhandel. Die kwaliteit van 'n maatskappy word bepaal soos die kwaliteit van die bestuur, toekomsbeplanning, buitelandse operasies en die tekort aan onnodige hoë skuld op die maatskappy se balansstaat.

Verder, lyk dit asof rentekoerse vorentoe eerder sal afgaan as op (miskien nog een, hoogstens 'n tweede rentekoers verhoging); en as rentekoerse afkom sal dit meer gunstig wees vir maatskappye om geld te leen en ook meer te produseer. Dit behoort

Dragon Wealth
(FSP 45015)

6 Bompart Straat
Westdene Bloemfontein

T: 087 092 8378 • C: 083 280 4441
E: info@dragonwealth.biz
W:www.dragonwealth.biz

ook 'n positiewe uitwerking te hê op publieke-opinie. Dit alles beteken dat aandele in die toekoms behoort te styg.

Verder is dit belangrik in die beoordeling van SA aandele, om maar 'n oogie te hou op wat in die VSA gebeur. Die spreukwoord bly maar: "As die VSA nies, kry die wêreld 'n verkoue." Dit lyk of die sogenaamde "banking crisis" deur die Amerikaanse Fed onder beheer gebring is. Hulle inflasie, na 'n reeks rentekoers verhogings, is ook besig om af te kom; en hulle aandele, na 'n hewige insinking in 2022 het alreeds heelwat herstel getoon.

Met dit alles gesê lyk dit tog vir ons asof SA aandele nou 'n koop kan wees.

- Kwaliteit aandele is goedkoop.
- Rentekoerse sal eerder in die toekoms afkom as opgaan.
- Die VSA se ekonomie is meer aan die gunstige kant.

Die onsekere faktore is onder andere, wat die plan met beurtkrag is en wat die inpak van volgende jaar se verkiesing op die ekonomie gaan hê.